No 11 - 2024] First Session, Seventh Parliament

# MINUTES OF PROCEEDINGS

OF THE

# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

==========================

THURSDAY, 7 NOVEMBER 2024

1. The House met at 14:15.

2. The Speaker took the Chair and read the prayer.

3. [14:16] The Speaker made a general announcement regarding the logistical arrangements for the sitting taking place.

4. [14:18] The Chief Whip of the Majority Party (Mr G Bosman) moved: That the House resolves to revive the consideration of the Western Cape Monitoring and Support of Municipalities Amendment Bill [B 8–2023] introduced during the Sixth Parliament, and hereby refers the Amendment Bill to the Standing Committee on Local Government, Environmental Affairs and Development Planning for consideration and reporting.

   Agreed to.

5. [14:19] The Chief Whip of the Majority Party (Mr G Bosman) moved without notice: That, notwithstanding the provisions of Rule 20(1), precedence be given to the Matter of Public Importance.

   Agreed to.

6. [14:20] The House discussed the following Matter of Public Importance in the name of Hon D G Jacobs:

   The recent mass shootings that occurred in Bishop Lavis, Atlantis and Khayelitsha.

   Debate concluded.

7. [15:18] Interpellation.

8. [15:31] Questions.

9. [16:32] Questions to the Premier without notice.

10. [16:55] Statements by Members.

11. [17:16] Response to statements by Members by Mr J J Londt, Minister of Social Development and Mr D J Maynier, Minister of Education.

12. [17:22] Motions with Notice *(in accordance with Standing Rule 151)*.

The Speaker made an announcement in accordance with the Standing Rule 151, all Notices of Motion by Members are required to be delivered to the Secretary for placing on the Order Paper. These motions, duly submitted, will be published on the Order Paper.

13. [17:23] Motions without Notice *(in accordance with Standing Rule 150)*.

14. Ms A P Bans moved without notice: That the House notes with profound sadness the passing of Danie Odendaal, a legendary figure in the South African television industry, who left us on 30 October 2024 in Langebaan after a brief illness; further acknowledges that Danie was not only a remarkably talented actor and producer but also a pioneer in creating beloved television content, most notably the iconic Afrikaans soap opera 7de Laan; appreciates that under his vision and leadership, 7de Laan became a cultural phenomenon, captivating audiences and achieving unprecedented success on SABC 2; recognizes that his contributions extended beyond 7de Laan, having served as head writer for Egoli: Place of Gold, where his creative talents flourished for eight years; acknowledges the profound impact he had on the industry, leaving an indelible mark on the hearts of viewers and colleagues alike; and conveys heartfelt condolences to his family, colleagues, and loved ones.

Agreed to.

15. Ms N D Nkondlo moved without notice: That the House notes with profound sadness the passing of former Labour Minister Membathisi Mdladlana, who departed this life on Friday, 18 October 2024, at the age of 72; further notes Membathisi Mdladlana was a guiding star in our struggle for liberation, embodying resilience and commitment to social justice and he was a champion for workers' rights, advocating for fair treatment and protections under the law; acknowledges that he was a progressive educator who was a founder member of the Democratic Teachers Union (DETU), a then member of the UDF, now SADTU, where he championed the cause of non-racial education against the apartheid Bantu Education system; and honors the legacy of Membathisi Mdladlana and remembers his contributions as an activist, unionist, and leader dedicated to the upliftment of others; and conveys sincerest condolences to his family, friends, and all who had the privilege of knowing him.

Agreed to.

16. Mr N Constable moved without notice: That the House conveys its condolences to Member Nobulumko Nkondlo after the passing away of her mother; may the comfort of family and friends, and the support of this House provide strength in the days to come; and requests that the House observes a moment of silence in remembrance of Member Nkondlo's mother and in support of our colleague and her family during this time of loss.

Agreed to.

17. Ms B Stoffel moved without notice: That the House notes the recent reburial of the remains of Basil February, a courageous and selfless freedom fighter, who gave his life in the battle against the brutal apartheid regime in 1967, at the young age of 24, in Zimbabwe; affirms that Basil February, also known by his operative name Paul Peterson, was a dedicated member of uMkhonto weSizwe (MK), the armed wing of the African National Congress (ANC), and remains a symbol of the unwavering commitment of the liberation movement to fight for the freedom we now enjoy; recognises that February was not only a brave soldier but also an intellectual, deeply engaged in the political struggles of his time, and an accomplished writer, serving as the editor of both the ANC's publication *Sechaba* and the MK publication *Mayibuye*, through which he contributed to the ideological and strategic

direction of the movement; welcomes the solemn reburial ceremony in Somerset West, which allowed his family to lay him to rest in their ancestral grave alongside other cherished loved ones, providing much-needed closure after nearly six decades of searching for his remains; acknowledges that the reburial of Basil February serves as an enduring reminder of the sacrifices made by countless individuals in the struggle against apartheid, whose contributions must never be erased from the pages of our history; emphasises that Basil February's legacy – like that of many of our fallen heroes – should continue to inspire future generations to fight for a society founded on the values enshrined in our Constitution: equality, justice, human rights and unity in diversity; conveys heartfelt condolences to his family, who, after decades of uncertainty and grief, has now found some measure of closure, and calls on all South Africans to recognise the significance of this moment not only as a personal family matter, but as a reflection of our shared struggle for freedom and dignity; and urges the House to honour the legacy of Basil February, and all those who gave their lives in the fight against apartheid, by ensuring that their contributions to our democratic journey are never forgotten, and that their ideals continue to guide and shape the South Africa we are building today.

18. The House adjourned at 17:40.

Vernon Titus Digitally signed by Vernon Titus
Date: 2024.11.12 08:43:04
+02'00'

Mr V Titus
Acting Secretary to Provincial Parliament

No 11 - 2024] EERSTE SESSIE, SEWENDE PARLEMENT

# NOTULE VAN VERRIGTINGE

VAN DIE

# PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE WES-KAAP

==========================

DONDERDAG, 7 NOVEMBER 2024

1. Die Huis kom om 14:15 byeen.

2. Die Speaker neem die Stoel in en lees die gebed voor.

3. [14:16] Die Speaker maak ’n algemene aankondiging oor die logistieke reëlings vir die sitting wat plaasvind.

4. [14:18] Die Hoofsweep van die Meerderheidsparty (Mnr G Bosman) stel voor: Dat die Huis besluit om die oorweging van die Wes-Kaapse Wysigingswetsontwerp op Monitering en Ondersteuning van Munisipaliteite [W 8–2023] wat tydens die Sesde Parlement ingedien is, te hernuwe, en hiermee die Wysigingswetsontwerp na die Staande Komitee oor Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning vir oorweging en verslagdoening te verwys.

   Goedgekeur.

5. [14:19] Die Hoofsweep van die Meerderheidsparty (mnr G Bosman) stel sonder kennisgewing voor: Dat, ondanks die bepalings van Reël 20(1), die Aangeleentheid van Openbare Belang voorrang het.

   Goedgekeur.

6. [14:20] Die Huis bespreek die volgende Aangeleentheid van Openbare Belang in die naam van agb D G Jacobs:

   Die onlangse voorvalle van massaskietery wat in Bishop Lavis, Atlantis en Khayelitsha plaasgevind het.

   Debat afgesluit.

6\. [15:18] Interpellasie.

7\. [15:31] Vrae.

8\. [16:32] Vrae aan die Premier sonder kennisgewing.

9\. [16:55] Verklarings deur Lede.

10\. [17:16] Reaksie op verklarings deur Lede deur mnr J J Londt, Minister van Maatskaplike Ontwikkeling en mnr D J Maynier, Minister van Onderwys.

11\. [17:22] Voorstelle met kennisgewing *(ooreenkomstig Staande Reël 151).*

Die Speaker doen ŉ aankondiging ooreenkomstig die Staande Reël 151 dat daar vereis word dat alle voorstelle met kennisgewing deur Lede by die Sekretaris ingedien moet word om op die Ordelys geplaas te word. Hierdie voorstelle, behoorlik ingedien, sal op die Ordelys gepubliseer word.

12. [17:23] Voorstelle sonder kennisgewing *(ooreenkomstig Staande Reël 150).*

13. Me A P Bans stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe hartseer kennis neem van die dood van Danie Odendaal in Langebaan na ŉ kort siekbed, ŉ legendariese figuur in die Suid-Afrikaanse televisiebedryf, wat ons op 30 Oktober 2024 verlaat het; verder erkenning gee dat Danie nie net ŉ merkwaardig talentvolle akteur en vervaardiger was nie, maar ook ŉ baanbreker in die skep van geliefde televisie-inhoud, veral die ikoniese Afrikaanse sepie *7de Laan*; waardering uitspreek dat *7de Laan* onder sy visie en leierskap ŉ kulturele verskynsel geword het, wat gehore geboei het en ongekende sukses op SABC 2 behaal het; erkenning gee dat sy bydraes verder as *7de Laan* gestrek het, nadat hy as hoofskrywer gedien het vir *Egoli: Plek van Goud*, waar sy skeppende talente agt jaar lank gefloreer het; erkenning gee aan die diepgaande impak wat hy op die bedryf gehad het, wat ŉ onuitwisbare indruk op die harte van kykers en kollegas gelaat het; en innige meegevoel betuig met sy familie, kollegas en geliefdes.

    Goedgekeur.

14. Me N D Nkondlo stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe hartseer kennis neem van die dood van die voormalige Minister van Arbeid, Membathisi Mdladlana, wat op Vrydag 18 Oktober 2024 in die ouderdom van 72 gesterf het; verder kennis neem dat Membathisi Mdladlana ŉ wegwyser was in ons stryd om bevryding, wat veerkragtigheid en toewyding tot sosiale geregtigheid beliggaam het, en dat hy ŉ kampvegter vir werkersregte was, wat voorspraak gedoen het vir billike behandeling en beskerming onder die wet; erkenning gee dat hy ŉ progressiewe opvoeder was wat ŉ stigterslid was van die Demokratiese Onderwysersunie ("Democratic Teachers Union" of DETU), ŉ destydse lid van die UDF, nou SADOU, waar hy die saak van nierassige onderwys teen die apartheid-Bantoe-onderwysstelsel verdedig het; die nalatenskap van Membathisi Mdladlana vereer en sy bydraes as ŉ aktivis, vakbondlid en leier wat aan die opheffing van ander toegewy was, in herinnering roep; en innige meegevoel betuig met sy familie, vriende en almal wat die voorreg gehad het om hom te ken.

    Goedgekeur.

15. Mnr N Constable stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis meegevoel betuig met Lid Nobulumko Nkondla ná die dood van haar ma; mag die vertroosting van familie en vriende, en die ondersteuning van hierdie Huis krag gee in die dae wat voorlê; en versoek dat die Huis ŉ oomblik van stilte handhaaf ter nagedagtenis aan Lid Nkondla se ma en ter ondersteuning van ons kollega en haar familie gedurende hierdie tyd van verlies.

    Goedgekeur.

16. Me B Stoffel stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die onlangse herbegrawing van die oorskot van Basil February, ŉ dapper en onbaatsugtige vryheidsvegter, wat sy lewe in die stryd teen die wrede apartheidsregime in 1967, op die jong ouderdom van 24, in Zimbabwe opgeoffer het; bevestig dat Basil February, ook bekend onder sy operatiewe naam Paul Peterson, ŉ toegewyde lid was van uMkhonto weSizwe (MK), die gewapende vleuel van die African National Congress (ANC), en ŉ simbool bly van die onwrikbare verbintenis van die bevrydingsbeweging tot die stryd vir die vryheid wat ons nou geniet; erkenning gee dat February nie net ŉ dapper soldaat was nie, maar ook ŉ intellektueel wat diep betrokke was by die politieke stryd van sy tyd, en ŉ

bekwame skrywer was wat gedien het as die redakteur van beide die ANC se publikasie *Sechaba* en die MK-publikasie *Mayibuye*, waardeur hy bygedra het tot die ideologiese en strategiese rigting van die beweging; die plegtige herbegrawingseremonie in Somerset-Wes verwelkom, wat sy familie toegelaat het om hom by hul ander dierbare geliefdes in hul voorvadersgraf ter ruste te lê, wat hul broodnodige berusting verskaf het ná byna ses dekades se soektog na sy oorskot; erkenning gee dat die herbegrawing van Basil February dien as ŉ blywende herinnering aan die opofferings wat gemaak is deur tallose individue in die stryd teen apartheid, wie se bydraes nooit van die bladsye van ons geskiedenis uitgevee mag word nie; beklemtoon dat Basil February se nalatenskap – soos dié van baie van ons gevalle helde – moet voortgaan om toekomstige geslagte te inspireer om te veg vir ŉ samelewing wat gegrond is op die waardes wat in ons Grondwet vervat is: gelykheid, geregtigheid, menseregte en eenheid in diversiteit; innige meegevoel betuig met sy familie wat, ná dekades van onsekerheid en hartseer, nou ŉ mate van berusting gevind het, en ŉ beroep op alle Suid-Afrikaners doen om die belangrikheid van hierdie oomblik te erken, nie net as ŉ persoonlike familiesaak nie, maar as ŉ weerspieëling van ons gedeelde stryd om vryheid en waardigheid; en die Huis versoek om die nalatenskap van Basil February, en almal wat hul lewens in die stryd teen apartheid opgeoffer het, te vereer deur toe te sien dat hul bydraes tot ons behaling van demokrasie nooit vergeet word nie, en dat hul ideale voortgaan om die Suid-Afrika wat ons vandag bou, te lei en te vorm.

Goedgekeur.

17. Me D Stephens stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem dat die Wes-Kaapse Minister van Maatskaplike Ontwikkeling, mnr Jaco Londt, en die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling dringend versoek word om in te gryp by die Benevolent Park-ouetehuis in Mosselbaai; kennis neem dat berigte van die gemeenskap aandui dat inwoners wat menings uitspreek wat verskil van dié van die bestuur, diskriminasie en viktimisasie in die gesig staar; kennis neem dat hierdie instelling, wat ŉ hawe van vertroosting en respek moet wees, die risiko loop om sy plig teenoor die mees weerloses in ons samelewing – ons bejaardes – te versuim; kennis neem dat dit beide ŉ morele en wetgewende verantwoordelikheid van ons regering en gemeenskap is om toe te sien dat ons senior burgers in veiligheid, met waardigheid en vry van mishandeling leef; hierdie Huis, as die stem van die mense, moet die welsyn van ons bejaardes prioritiseer en optree om enige vorm van verwaarlosing of misbruik uit te skakel by fasiliteite wat met hul sorg toevertrou word; en die vertroue uitspreek dat hierdie aangeleentheid met dringendheid hanteer sal word en ŉ omvattende ondersoek gedoen sal word om die standaarde van sorg wat verwag word in ons provinsie, te handhaaf.

Goedgekeur.

18. Die Huis verdaag om 17:40.

Vernon Titus Digitally signed by Vernon Titus
Date: 2024.11.12 08:44:07 +02'00'

Mnr V Titus
Waarnemende Sekretaris van die Provinsiale Parlement